Jou Polsslag

Volume 1, Uitgawe 1 **Maart 2019**

Polsslag Kommando is 70 jaar oud.

Alhoewel ons met die tyd saam die Kommando se geskiedenis met julle gaan deel is dit vir ons belangrik dat julle weet elke funksie of geleentheid in die Kommando ‘n feesgeleentheid vir ons is. Daar word reeds gewerk aan ‘n bundel met Voortrekkers staaltjies in. Verskeie Kommandos in ons Oord vier spesiale verjaarsdae hierdie jaar.

Ons het die jaar afgeskop met ons Jeugleiers se waarneming van ons Vrugtefees opening en die afvuur van konfettie pyle.

Tradisies word oor jare gevorm soos ons Pa-en-Seun, Pa-en-Dogter, Ma-en-Seun en Ma-en-Dogter funksies. Die eerste kwartaal was dit weer van ons hoogtepunte!

Ons Kommandobyeenkoms was nog ‘n fees, van Boeresport, Boeredans en Boerekos het ons ons Afrikanerskap behoorlik gevier.

Kom lees nou verder oor die en komende gebeure.

Vrugtefees

Wat ‘n Storm van ‘n Fees!

14 Januarie die wolke kruip nader maar ons is nie bang nie. Erick open vir ons met ‘n pragtige verwysing na hoe ons Jesus in ‘n pak kaarte sien. Kirsti vertel vir ons van haar ervaring van Voortrekkers en hoe lekker dit is om tot in Gr 12 nogsteeds ‘n Vorie te wees.

Ons Gr 7 Voorslag groep wat almal as Jeugleiers vir die PD’s dien was ons vuurmeesters vir ons konfettie pyle, en toe begin die sports.

Skaars knal die pyle en konfettie skiet en toe hoor ons … donderweer! Dit sous behoorlik. Vinnig trek ons in ons gerieflike saal in, waterglybane en al, waatlemoene spat en ons kuier die donder uit donderweer uit.

IN HIERDIE UITGAWE

1 Polsslag is 70 jaar oud, Vrugtefees

2 Afrikanerskap, Pa-en-Seunkamp

3 Boeremark, Kampe

4 Hemelvaart, Wally Hayward, 12 Oktober

Pa-en-Seunkamp en Ma-en-Dogterdag

Wat begin het as ‘n idee van ‘n vinnige “kom Pa en seun gaan kamp op my Oom se plaas” kamp is vandag ‘n moet-doen kamp vir Pa-en-Seun. Hulle bly eenvoudig in die bos en skiet, swem in die dam en maak vuur.

Die volgende funksies ook begin as deel van ons gesinstradisies. Ma’s en Dogters het heerlik geverf, geëet en gekuier hier in Centurion. Daarna was daar dan ook die Pa-en-Dogterkamp, ook in die bos maar darm nie so eenvoudig soos die manne se kamp nie. Dankie aan die getroue organiseerder Oom Marius vir elke jaar se onvergeetlike kamp. Dankie Tannie Anneline en Tannie Esther vir hierdie jaar se Ma-en-Dogter bederf.

Die moeilikste ding om te gee

Waarvan ons almal eweveel kry elke dag,

Is jou tyd, en tog is dit vervullend

Want wanneer jou hande en jou hart

oopgaan kan dit ook in die “oop” posisie

makliker ontvang.

Kinders gee onvoorwaardelike liefde terug

aan die wat tyd met hulle spandeer.

Kom sluit aan as Veldkornet of Offisier,

Ons en die kinders het jou nodig.

A – Afrikanerskap

Ons Kommandobyeenkoms tema volg elke kwartaal ‘n ABC tema, volgende is B – Burgerskap.

Wat maak van ons Afrikaners? Die feit dat ons iewers in ons verlede en tot vandag toe nog die kultuur deel van die tipe speletjies wat ons speel, die tipe kos wat ons eet en hoe ons dans as ons makietie hou.
Dankie aan die Vlakvarke, Uile, Suikerbekkies en Verkenners vir ‘n fees van ‘n dag.
Ons wil ook graag dankie sê aan die Polkadraai Boeredans groep vir hulle liefde vir ons kinders en kultuur.

Hierdie jaar met ons Gala geleentheid kan ons een van ons Dagbestuurslede vereer met ‘n Goue Voorjuk, dit beteken 30 jaar getroue diens aan die Voortrekkers!

Waar Kamp jy?

Dit vra Tannie Cindy op ons facebook blad. Ons kinders het hierdie Maart vakansie gaan kamp by:

Penkoppe en Drawwertjies – PD's
SPDW – Sentrale Penkop en Drawwertjie kamp te De Bank terrain in Oranjeville by die Vaaldam
Jakaranda PDkamp – by Hartbeesfontein net Noord van Pretoria in die Dinokeng natuurbewaringsarea
Hoëveld PDkamp – ook op die plaas Hartbeesfontein.

Verkenners –
Lunsklip – in die Percy Fyfe Natuurreservaat in Potgietersrus
Boknes – by Boknesstrand in die Oos-Kaap
Thabakamp – Net anderkant Brits oppad Thabazimbi toe

Kampe om na uit te sien!

3 – 5 Mei Kommandokamp

Soos tradisioneel beloof ons kommandokamp om 'n gesinskamp uit die boonste rakke te wees!

Ons kamp op Udolpho Jeugplaas in Parys, Vrystaat. Daar is 'n opsie waar ouers en kinders met busvervoer na die kampterrein kan gaan. Verblyf is in die slaaplokale en kamers van die oord.

Ons maak ons eie kos, dus as kuier in die kombuis vir jou net so bekend is soos vir my, maak jy seker jy is in die kombuisspan. Ek kook solank die ketel!

Daar sal weer met 'n baie rustige program aktiwiteite vir die kinders en ouers aangebied word deur 'n profesionele instansie.

Skryf nou in by :
https://goo.gl/forms/7YXfB8UKOc8Muoov2

Bespreek nou jou plek teen net R 400 per person.
Kontak Joan vir meer navrae 082 469 7286.

www.udolphojeugplaas.co.za

Udolpho Jeugplaas

9 – 11 Augustus

Hierdie kamp is kort maar kragtig.

Ons Verkenners gaan kamp in Pretoriuskop in die Kruger Nasionale Wildtuin.

Oppad Wildtuin toe die 9de Augustus stop hulle by die Renoster teenstropingseenheid net voor die wildtuin.
Die 10de gaan hulle die K-9 Honde-eenheid besoek binne-in die Wildtuin.

Tesame met die kamp gaan daar ook invorderings wees nl Bokse vir bewaarders. Die manne kan nie gaan inkopies doen soos ons nie. Die bokse vir bewaarders is een manier hoe ons die manne kan bederf.

Boeremark – elke 2de Saterdag van die maand.

13 April 08:00 – 13:00

Die Boeremark dien as fondsinsameling vir ons bg kamp en as fondsinsameling vir die kommando.

Vars koffie, eiers, vleis, koeksisters, etes, handgemaakte seep en een van die dae vars groente ook!

Dankie aan al die ouers wat reeds verlede jaar al aangedui het dat julle kan help met julle talente in die kommando.

Ons bou verder aan ons droom om vir ons kinders 'n gemaklike veilige plek/klas te bou waar hulle hulle ten volle kan uitleef as Voortrekkers.

Dit is 'n langtermyn projek wat nou afskop as deel van ons 70ste verjaardagvieringe.

Ons begin by die bou-inspekteur vir reëls en regulasies. Dan die terrein uitleg en beplanning.

Dan begin die pret. Ons kan dan daarvolgens oorweeg watter tiepe strukture ons gaan bou, beplan hoeveel dit gaan kos en wat dit gaan behels.

As ons so gelukkig is om 'n standbeeld te huisves met 'n tydkapsule sal ons sorg dat dit die middelpunt van die terrein is.

Ons maak geskiedenis, tree vir tree en ek as kommandoleier nooi jou uit om saam met ons deel te wees daarvan.

Hou Koers!

30 Mei

Hemelvaart

Christenskap.

Ons gaan almal bymekaarkom by Polsslag Voortrekkers.
Dan doen ons 'n fakkelloop bo-om en onderom die blok waar ons perseël is.

Ons fakkelloop eindig in die aansteek seremonie van die groot vuur langs die saal.
Hier gaan ons dan 'n kampvuur kerkdiens hou vir Hemelvaart.

Almal welkom vorie of nie vorie nie.

1 Mei

Wally Hayward Padresies

Diensbaarheid.

Alle kinders en ouers word genooi om vol geesdrif saam met ons te kom diens doen op die kospunt asook die S4J punt. Dit sal langs mekaar wees.

Ons benodig 35 pare hande!
Kinders kry ABC punte vir die diens gelewer.

12 Oktober Opelug Konsert by die Irene Oval

Gaskunstenaars is Joshua na die Reën en Jak De Priester.

Ons nooi almal van Wyd na Suid. Die doel is om 1000 en nog bietjie Voortrekker kinders bymekaar te roep. Net soveel kinders as die aantal kinders wat in die konsentrasiekamp gesterf het.
Ons kamp van Vrydagaand af op ons Polsslag terrein. Daar sal 'n nagmars resies deur geskiedkundige areas in ons omgewing wees.

Saterdag is daar baie spesiale geleenthede in en om Irene in besonder by die Kampkerkhof.

Sondag sluit ons af met 'n kerkdiens voor ons kamp opslaan.

5 April – Verkenner Masterchef uitdaging
31 Mei – Verkenner Filmaand

Burgerskap

Bokse vir Bewaarders

Elke Voortrekker kry geleentheid om by te dra tot die Bokse vir Bewaarders. Ons Verkennergroep wat Augustus gaan kamp sal dit vir ons aflewer.

Sluit die volgende items in op jou inkopielys:

Aanmaak Koeldrank (poeier),
Koekies en/of Beskuit,
Snuif,
Zambuck salf,
Lip Ice,
Suiglekkers,
3 x Pare Kouse (enige kleur en lengte)
Enige Pet
Waslap
Seep
Deodorant
Wasgoedpennetjies
Engelse Bybeltjie
Pak Speelkaarte